430. E5.5.3

Beste Van Zyl,

Soos jy weet, het ek Breyten gevra om die voorwoord vir my boek te skryf.

Wel, die boek is nou klaar, maar Breyten het laat weet dat hy nie meer die voorwoord kan skryf nie. Ek weet nie of hy vir Vrye Weekblad kwaad is nie, maar hy het via iemand anders laat weet dat hy aan 'n ander projek werk en te besig is.

Dit is nie die einde van die wereld nie, en die uitgewer self voel dat die boek heeltemal goed sonder 'n voorwoord kan staan.

Ek wil tog vir jou vra of jy nie 'n voorwoord vir my sal skryf nie. Ek het 'n lys van name aan die uitgewer voorgestel, en hy voel jy is die mees geskikte persoon.

Wat ek spesifiek soek, is 'n amper-filosofiese aanslag tot die boek. Jy is tog iemand wat dwarsdeur jou politieke loopbaan met geweld deur die staat gekonfronteer is en jou baie sterk daarteen uitgespreek het.

Ek soek in die voorwoord die volgende:

1. Hoekom is die onderwerp van moordbendes belangrik, en veral,
2. Hoekom kan ons nie sommer maar net daarvan vergeet noudat Suid-Afrika in 'n nuwe era inbeweeg nie?
3. Hoe kan ons dit in die toekoms verhoed?
4. Wat van die kwessie van versoening versus vergelding.

Indien jy instem, wil ek jou met jou eie gedagtes laat, maar ek sal graag hierdie elemente bespreek wil sien.

Onthou net dat die boek nie net suiwer op moordbendes ingaan nie, maar ook byvoorbeeld destabilisasie, invalle in die buurstate, marteling en sterftes in aanhouding en vigilantes insluit.

Ek kan vir jou heelwat meer agtergrond en selfs van die hoofstukke gee indien jy dit nodig het. Ek kan ook met jou kom praat indien jy dit so verkies.

Ek weet jy is in sensitiewe onderhandelings betrokke, maar ek kan jou verseker dat die boek heeltemal above board is en voor publikasie eers deur 'n prokureur goedgekeur word. Ek het juis baie hard probeer om weg te kom van enige iets met 'n ANC- of struggle-kleur. Die uitgewers self is baie respectable: Southern Book Publishers in SA, terwyl Faber and Faber in Londen en Van Gennep in Amsterdam die boek daar wil uitgee.

Die uitgewer sê dat die voorwoord teen 20 Julie moet klaar wees. Dis die laaste datum waarop ons nog iets kan invoeg.

Kyk asseblief of jy dit kan inpas; ek sal dit baie waardeer.

Ek bel jou so teen Dinsdag of Woensdag om te hoor of jy dit kan doen.

Groete

Jacques.